

WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3

Maart 1996

Vol. 14

ONVERGENOEGDE PREDIKANTSKERKE

Twee kante van die saak

Die Roomse het 'n spreekwoord: waar die priester is, daar is die kerk, en per implikasie - God. Baie gereformeerdes is op die oppervlak hewig gekant teen die Rooms-Katolieke kerk, en sal dan ook hierdie Roomse stelling, tereg, as onskriftuurlik afwys. En tog kom daar baie maal 'n vreemde leefwyse onder gereformeerdes voor - naamlik dat die predikant verantwoordelik is vir alles in die gemeente. Die oorsaak van die probleem kom moontlik van twee kante: Eerstens van die kant van die herder wat graag die lof wil insamel as alles goed verloop in die gemeente. In so 'n geval is die gemeentelike toestand dan 'n barometer van die "wakker dominee" se harde arbeid. Tweedens van die kant van die kudde wat die herder sien as God se verteenwoordiger. In so 'n geval is alles wat verkeerd loop in die gemeente die herder se skuld. Selfs sy afwesigheid in die gemeente word gesien asof God afwesig is. Konkrete voorbeelde hiervan is die verskynsel dat sommige kerke bykans "toemaak" in die dominee se verloftyd (vakansies). Die vraag is: Is ons nie baie meer Rooms in die inrigting van ons kerk- en ampsbeskouing as wat ons met die mond sou wou toegee nie? Kom bg. praktyke nie grotendeels op die volgende neer nie: Waar die dominee nie is nie, daar is God nie aan die werk nie?

Brommend

Baie gemeentelede het dikwels 'n brommende onvergenoegdheid met hulle dominees. Maar ook heel dikwels tref 'n mens by die dominee 'n brommende onvergenoegdheid met die gemeente aan. Hierdie onvergenoegdheid stam seer sekerlik uit die tradisie van oorspanning van die herder-leraar in die hele verskynsel van ampsverdringing. Hierdie tradisie leer dat die predikant hoogs opgelei moet wees - 'n deskundige op velerlei terreine. Sake wat baie predikante ten laste gelê word is byvoorbeeld dat hulle finansiële deskundiges moet wees, (wat eintlik verantwoordelik is om deur goeie beplanning hul eie "salaris" te in); om groot dele van die gemeente-administrasie self te behartig; om as besturende direkteur van die gemeente op te tree met fyn geslypte organisatoriese vermoëns sodat die gemeente in 'n hegte eenheid saamgesnoer word. Of die eenheid nou om die predikant se persoon in plaas van die Gees van Christus, gesnoer word, is vir baie van

minder belang.

Maar dit is nie net die kudde wat in die versoeking val om die amp te oorspan nie. Menigte herder versoek die gemeente tot die daad omdat hulle van die standpunt uitgaan dat niks in die "tam gemeente" sal gebeur as die dominee dit nie laat gebeur nie. Herder en kudde verloor beide uit die oog dat die twee saam die liggaam van Christus is. Saamgevoegde lede wat mekaar tot diens moet wees.

Waak teen versoeking

Luiheid en ampsontduiking aan die een kant, en eersug en ambisie aan die ander kant kan beide die herder en die kudde versoek om van die liggaam van Christus 'n predikantskerk te maak. As iemand siek is, maak nie saak wie ook besoek afgelê het nie, as die predikant te lank draai, doen die "kerk" nie sy werk nie, en word vroeë gepraat oor die dominee se tydsaanwending. Die besef dat die dominee gedurig onder die gemeente se vergrootglas werk verlei die dominee ook daartoe om juis (net) die dinge te doen wat hom 'n goeie visitasie sal verseker en in die oë van die gemeente "aanvaarbaar" is.

In hierdie uitgawe:

- * ONVERGENOEGDE PREDIKANTSKERKE
A.L.A. Buys 1
- * Skrifoordenking:
KINDERMOORD
Ds. H.J. Venter 3
- * DIE WIT TEOLOGIE (Deel 4)
Ds. G.J. Kruger 4
- * MENSEREGTE NIE-CHRISTELIK
Prof. J.M. Potgieter 7
- * VIR VAS EN BINDEND HOU
Ds. G.J. Meijer 8
- * DOBBEL MET SKRIFGESAG
Ds. P.J. Venter 10

Gesant van Christus aan die ekklesia van Christus

Hoeveel gemeentes is opreg vergenoegd met hulle predikant(e) - nie met die dominee wat ons beroep en betaal nie, maar met die gesant van Christus wat hy self aan die gemeente gestuur het? Nie net by die beroeping van 'n bedienaar moet daar gebid word nie, maar ook daarna, veral, moet daar biddend met Christus se keuse saamgeleef word. In hoe 'n mate moet die gemeente vergenoegd wees met 'n predikant met gebreke en swakhede? Wat is die norm? Hier word nie gepleit vir geduld met sondes soos ampsontheiliging en troueloosheid nie, maar geduld met die hoeveelheid gawes wat God aan sy bedienaars gegee het. Nie alle predikante is tegelykertyd skitterende predikers en uitmuntende pastors en vooraanstaande jeugversorgers ens. nie. (Nie alle predikantsvroue het altyd die gawes om ook voorsitster van die susters te wees nie).

Maar die ander kant van die vraag is ook geldend: Hoeveel predikante is opreg vergenoegd met die kudde wat Christus vir Hom hier op hierdie plek versamel het? Nie alle kuddes lyk dieselfde nie. Wat is die norm vir vergenoegdheid met die gebreke en tekortkominge van die kudde? In artikel 28 van die NGB bely ons dat die herder en die kudde saam die eenheid van die kerk moet bewaar, saam die nek onder die juk van Christus moet buig, saam mekaar moet dien in die opbou van ons geloof volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het. Dit is hierdie herder wat God vir dié doel aan die kudde gegee het, maar dit is ook hierdie kudde wat God uitverkies het om sy kerk op hierdie plek te wees. Mits daar in opregtheid en eerlik tot God gebid word by die beroeping, en in die uitlewing van die roeping.

Maatstaf

Die probleem kom wanneer die gemeente besluit watter soort dominee hulle wil hê. Een wat sal inpas, een wat dieselfde politieke oortuigings en vooroordele as ons het, een wat in alle opsigte aan ons verwagtings voldoen. Die gemeentelike selfsug word dan as norm vir vergenoegdheid verhef bo God se verwagtings in sy Woord. Die gemeente sorg dan dat die predikantskerk op stewige fundamente afskop. Die dominee se strewe kan ook as norm verhef word wanneer hy meedoënloos daarna jaag om "vrugte" op sy arbeid te sien. So 'n "menslike" strewe neig om die Heilige Gees se werking in die gemeente te verduister, en die resultate aan die insette van die dominee te koppel. Die dominee werk dan hard mee aan die predikantskerk.

Roomse priester

So 'n "gereformeerde" predikantskerk is nie maar net Rooms nie, maar ook ontstellende ondankbaarheid voor God. Mense wat hulle

gemeentes as predikantskerke wil sien, wil nie bedienaars van Christus hê nie, maar Roomse priesters waarnatoe hul kan gaan omdat die priester God verteenwoordig, want waar die dominee is, daar is God. Daarom word dikwels dinge voor die voete van die dominee gelê, wat eerder van God gebid moes gewees het. Die dominees wat die gemeentes as predikantskerke wil sien, lê voortdurend 'n barometer aan om die groei, die meelewing, die sukses te toets.

Roeping

Wat staan ons te doen? Terug na ons roeping. Ten eerste die herder-leraars: Doen alles wat Christus julle beveel het; doen nêr wat Christus julle beveel het - verkondig die Woord onderriggend, vertroostend, vermanend, tereg wysend; doen huisbesoek; en doen kategetiese onderrig in alle lankmoedigheid en lering. Vervul hierdie roeping biddend met die gawes wat die Gees van Christus julle toebedeel het, om die gelowiges vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus toe te rus (Ef 4:11-12), terwyl u ook waak om nie die genadegawes wat aan u gegee is te verwaarloos nie.

Tweedens moet die gemeente, die ouderlinge en diakens doen waarvoor Christus hulle elkeen geroep het. Daar is vier ampte in die kerk - nie net een nie. Predikant-wees is 'n diens, dit is nie die middelpunt waarom kerkwees draai nie. Die ouderlinge is ook as herders geroep. Die diens van die diakens moet die eenheid van die liggaam van Christus op oog hê. Dan is daar ook die amp van die gelowige: die kudde. Dit beteken nie die verdwyning van die herder-leraar se amp nie, maar 'n aansien vir wat dit is: geroepe dienaar van God deur wie se diens God jou wil aanspreek. Vir wie jy voorbidding moet doen. Wie jy in blydskap moet ontvang. Aan wie jy gehoorsaam moet wees - want hy sal aan God rekenskap moet gee, nie net oor sy werksaamhede in die gemeente nie, maar ook oor jou lewe.

Hoof van die kerk

As Christus die Hoof van die kerk is (wat Hy is) - mag nóg die gemeente, nóg die dominee Hom 'n seremoniële hoof maak en verwag dat die dominee Christus se werk, sy eer en in sommige gevalle selfs sy vergifnis met betrekking tot die gemeente moet behartig. Christus is die Hoof van die kerk. Waar Hy is, waar Hy sy gelowiges in sy liggaam ingelyf het, daar is God te vind. Hierdie waarheid moet die herder in u huise indra, en hierdie waarheid moet die gemeente deur die Woordbediening van die dominee ontvang en glo. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal die harte en sinne van Sy gemeente bewaar.

A.L.A. Buys

SKRIFOORDENKING:

Kindermoord

Ds. H.J. Venter

Mat 27:23-25 asook Deut 21:1-9, Mat 2:16-18, 2 Kor 5:11-21

In Matteus lees mens van die kindermoord deur Herodes op die seuntjies van twee jaar en jonger. Het ons ook deel aan kindermoord? Is ons ook besig om ons kinders te vermoor? Vreeslike en skokkende vrae wat ons vir mekaar vra? Daar is ook 'n ander kindermoord wat verhaal word in Matteus 27. Die kindermoord kom voor in die versoek wat die volk voor Pilatus uitgeskree het: "Laat sy bloed op ons en ons kinders kom!"

Hande was

Daar is 'n spreekwoord: ek was my hande in onskuld. Dit word gebruik om te sê dat iemand onskuldig in 'n sekere saak is. In ou Israel was dit inderdaad die gewoonte om die hande te was, veral in die reinigingsgebruike. Daarom moes die leiers van die naaste stad waar die lyk van 'n vermoorde in die veld gevind is, hulle hande oor 'n vers was waarvan die nek gebreek was. En dan moes die Levitiese priesters namens die volk soos volg om die versoening bid: Ons het nie hierdie bloed vergiet nie, en ons het ook nie gesien wie dit gedoen het nie! Here, U wat vir Israel verlos het, spreek tog U volk vry en moenie dat die skuld van hierdie bloed op U volk rus nie.

Misbruik van versoening

Daarom kan ons sê dat die handewas-ritueel in diens van die versoening gestaan het. En dat, as Pilatus nou hier die skuld van hom wil afskuif en hy voor die volk sy hande in onskuld was, dit niks met versoening te doen het nie. Dit is eerder 'n misbruik van hierdie gebruik. Pilatus is nie onskuldig soos wat hy wil voorgee nie. Hy is skuldig daaraan dat Jesus Christus tot die kruisdood veroordeel word. Maar hy skuif dit van hom af deur sy hande in onskuld te was en sy vrou na te praat deur te sê: ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Julle moet toesien, dit is julle verantwoordelikheid.

Swyg

Toe kom daar 'n geweldige reaksie van die volk se kant. Die priester- en familiehoofde, die leiers van die volk, was almal hier teenwoordig. Hulle het almal gesien en gehoor wat Pilatus gedoen en gesê het. Hoe hy hierdie simboliese daad van versoening misbruik. Want hy kon slegs sy hande in onskuld gewas het as hy niks van die moord af geweet het nie. Maar hy weet daarvan en wat meer is, hy kon die moord verhinder het. Maar hy was sy hande in

onskuld en hy maak 'n Bybelse handeling los van sy eintlike bedoeling. Mens verwag dat die priester- en familiehoofde hom sou tereg wys, maar hulle doen dit nie. Hulle bly stil, want hulle wil hê dat Pilatus Christus moet laat doodmaak. Hulle wil mos vir Pilatus dwing om Jesus Christus tot die kruisdood te veroordeel. Hulle wil mos sy stem stilmaak, hierdie oproermaker wat sê dat Hy die Messias is, die Seun van God.

Op ons

Hy moet juis aan die kruishout gespyker word, want daar staan geskrywe: vervloek is die een wat aan 'n hout hang. Hier het ons met goddelike ironie te doen. Pilatus voer 'n simboliese handeling van versoening uit wat heeltemal misplaas is. 'n Simboliese handeling van versoening, maar Jesus Christus word as onskuldige tot die kruisdood veroordeel. Hier is nie sprake van versoening nie. Maar die doel is dat hierdie kruisdood juis die ware versoening bewerk. Sonder dat mense dit weet of wil, gebruik God hulle in sy diens in sy verlossingsplan. Daardeur word dit duidelik dat Jesus Christus se dood aan die kruis sy antwoord op die kindermoord is, naamlik die versoening met God.

Selfmoordkommando

Dit is waarom hierdie uitroep van die volk - die verbondsvolk van God - so geweldig is as hulle sê: laat sy bloed op ons en ons kinders kom. Hier offer die volk nie alleen vir Jesus Christus, die Messias, op nie, maar ook hulle kinders. Wat 'n kindermoord! Hier voor Pilatus staan 'n selfmoordkommando. Wat 'n ironie! Alle gedagtes aan versoening is ver weg, niemand dink daaraan nie. Hulle wil net van hierdie oproermaker, van hierdie Nasarener ontslae raak. En hulle is selfs bereid om hulle kinders, die geslagte wat nog moet kom, daarvoor op te offer.

Kinders van die verbond

Selfs die taal wat hulle praat, is die taal van die verbond. Die verbond is nie aan enkeles gerig nie, maar aan Abraham en sy nageslag in hulle geslagte. Hulle help Pilatus tog reg as hy sy hande was as hulle sê: Nee, Pilatus, ons is kinders van die verbond, ons en ons kinders. Laat sy bloed op ons en ons kinders kom. Letterlik staan daar: sy bloed op ons en ons kinders. Daarmee sê hulle, die skuld van sy bloed is reeds op ons en ons kinders en kan op ons gewreek word.

Kies die dood

En so was die volk nie hulle hande in onskuld nie, maar kies hulle bewustelik dat Jesus Christus, die Messias, doodgemaak word. Hulle kies vir selfmoord en vir die grootste massamoord van alle tye, selfs 'n groter kindermoord as dié van Herodes. Daarom het Jesus gesê (Luk 23:28): "Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself

en julle kinders." Die verbondswraak van die Here het oor Jerusalem losgebreek, dat die stad en die tempel verwoes en sy inwoners in ballingskap weggevoer is.

'n Lagie vernis

Maar wat wil dit vir ons vandag sê? Sekerlik dat die bloed van baie vermoordes in ons tyd op die koppe van die wetgewers rus. Juis omdat hulle blykbaar ook hulle hande in onskuld was en dit nie probeer voorkom of straf nie. Daaroor kan en word baie gepraat. Maar waaroor niks gepraat word nie, is van die ouers wat met die bloed van hulle kinders op hulle koppe rondloop. Want vandag nog vind daar grootskaalse kindermoord plaas. En dit deur ouers wat die evangelie totaal of selfs ten dele verwerp. Ons weet wat dit is om die evangelie totaal te verwerp, maar wat beteken dit om die evangelie net gedeeltelik te verwerp? Dit is wanneer die evangelie soos 'n lagie vernis oor ons lewens aangebring word: daar is geen diepte nie. Ons sê dat ons christene is, maar ons dobbel saam met die wêreld, ons jaag ook agter die plesier van die wêreld aan. Ons wil kerk wees maar ons wil darem ook nog deel van die wêreld wees. Sien die wêreld kerkmense op 'n Sondag, kan nie geglo word dit is dieselfde mense nie. En die gevolg? Grootskaalse kindermoord. Want daardeur trek sulke ouers hulle kinders saam met hulle uit die lewe uit in die ewige dood in. Was hulle ook hulle hande in onskuld, terwyl hulle die versoening met God verwerp.

Christus die offer

Die bloed van Christus het die ware versoening met God bewerk. So, dat elkeen wat in Hom glo, gered sal word en van hierdie skuld vrygespreek sal word. Jesus Christus het Homself as offer gegee, sy bloed gegee, om ons en ons kinders te verlos. Daarom is Hy die deur waardeur ons ons kinders tot die ewige lewe lei, as ons glo, of as ons nie glo nie lei ons ons kinders na 'n massa-moord: want Jesus Christus se dood aan die kruis was sy antwoord op die kindermoord, naamlik die versoening met God. Glo ons dit? Lewe ons in hierdie sekerheid? Maak ons ons kinders in hierdie sekerheid groot? Of is jy dalk besig om jou kind te vermoor?

★ ★ ★ ★ ★

DIE WIT TEOLOGIE (Deel 4)

Ds. G.J Kruger

Uitverkiesingsleer - slegs Israel uitverkies

Die essensie van die argument van die Wit Teologie is reeds na vore gebring naamlik, dat die blankes

van Suid-Afrika, as fisiese afstammeling van Israel, God se uitverkore volk is en daarom die middel waardeur Hy Hom aan die wêreld gaan openbaar. Dit klink pragtig, want in die argument lê dan die gedagte opgesluit dat die blankes in Suid-Afrika behoue sal bly, want anders word God se openbaringsmedium vernietig. (L.w. 'n volk is nou openbaringsmedium, en nie meer alleen die Woord van God nie).

Die kernteks waarmee die Wit Teologie werk wanneer dit kom by die uitverkiesing, is 1 Petrus 2:9: "Maar julle is 'n uitverkore geslag...", of soos die Wit Teologie dit vertaal: "Julle is 'n uitverkore ras". Die "julle" waarvan Petrus praat is dan volgens die Wit Teologie slegs die geslag van Israel. Steenkamp beweer dan dat die Skrif nêrens die gedagte ken dat mense uit die hele wêreld uitverkore is nie. "Dit is altyd 'n sekere volk of geslag en enkeling binne hierdie volk of geslag... en dit is Israel!"

Afstamming

Die afleiding word dan verder gemaak dat die blankes, of die Adamitiese ras of die Ariese ras ongetwyfeld die afstammeling van die tien stamme van Israel is, en daarom is slegs hulle die uitverkore ras. Om dit te bewys kom die Wit Teologie met 'n enorme aantal Bybeltekste, maar die tekste word gedwing om te buiksprek eerder as om te spreek. So word telkens vertel dat die Bybel 'n "verborge boodskap" sou hê, wat moedswillig deur die kerk en predikante verswyg word. Die verborge boodskap is dan die Wit Teologie se verhaal dat die verlore tien stamme vandag se blankes is en dat die Woord van God net vir hulle bedoel is. Daar word selfs gesê dat dit die taak van die "Israelvolke" is om hulle van ander volke af te skei, want hulle is 'n heilige volk. (Heilig dui op aparte volk.) Daar word ook 'n oproep gedoen om die kennis van die Woord van ander volke te weerhou, veral dié wat dan nie deel is van die "Adamitiese ras" nie, want alleen die "Adamitiese ras" is op verlossing geregtig.

In sommige van die Wit Teologie se geskifte word die blankes van Suid-Afrika gesien as die uitverkorenes, as die laaste hoop van die blanke ras. Daar word selfs gestel dat Tafelberg die plek is waar die Here Jesus Christus met sy wederkoms sy verskyning sal maak.

So is almal wat die Wit Teologie aanhang, en by name veral Robert Hayes van Oos-Transvaal, ds. Gert Steenkamp van Kuruman ('n voormalige N.G.-predikant) en die Windhoekse studiegroep se uitgangspunt dat die Bybel eintlik, in sy diepste sin, iets wil vertel van die lotgevalle en die toekomsverwagtings van die verlore tien stamme (met of sonder Juda en Benjamin daarby), die enigste werklike uitverkorenes. Uitverkorenheid word hier bepaal deur afstamming en dit is beperk tot óf die Blankes, óf die Engels-Amerikaanse wêreld, óf net die blankes in Suid-Afrika, óf net die Afrikanervolk. Die vyande van die uitverkorenes word deur die Wit Teologie ook met sorg aangedui en dit is dan die Humaniste, die Liberaliste, die

Sosialiste, die Kommuniste, die Jode, die groot geldmag, die kerke of die predikante of somer almal saam. "Die kwaadwilligheid, geslepe vyandigheid of kortsigtige domheid van die vyande van die uitverkorenes word met skerp woorde geteken" (Pont).

Bloedverkiesing

Die Wit Teologie stel die verbondenheid met Israel as 'n voorwaarde vir verlossing. Die hele Godsplan of raadsplan (waaroor reeds gehandel is) wendel om Israel, die witman aan die suidpunt van Afrika. Daarom stel Hayes die volgende: "As jy nie 'n gebore Israeliet is nie, kan jy jou nie beroep op die beloftes wat God aan Israel gedoen het nie". Die evangelie is hiervolgens net bedoel vir die witman en vir niemand anders nie. Omdat die verlossing net vir die witman beskore is, is dit vanselfsprekend dat swaar klem gelê sal word op die suiwerheid van afkoms. "Jesus moet met die Wederkoms 'n suiwer oorblyfsel van die twaalf stamme kry, anders kan die Skrifte nie vervul word nie."

Die geweldige klem op die suiwerheid van die bloed van die witman impliseer dat daar 'n stryd sal wees om beskerming van hierdie suiwer bloedlyn. Die stryd waarvoor die witman in Suid-Afrika te staan gekom het, is 'n stryd teen vermenging. "Dit word deur die Wit Teologie as 'n deel van Satan se plan gesien om die witman te laat verbaster. Met vermenging word egter nie net die vermenging tussen wit- en swartmense bedoel nie, maar veral die vermenging tussen Israel en die ander blanke nasies wat nie Israel is nie. Die stryd om suiwerheid kulmineer in die politieke stryd tussen links en regs, verkramp en verlig, wat 'n kwessie is van twee bloedstrome. Hierdie stryd teen vermenging loop dan uiteindelik uit op wat genoem word, die huisskoonmaakproses in Suid-Afrika. Dit word met klem gestel dat twee-derdes van die "vredeliewende" Afrikaners in hierdie stryd gaan sterf" (Naudé). Volgens die Wit Teologie is dit die enigste hoop vir 'n suiwer bloedlyn. Dit wat gebeur het in die Akorlaagte (Jos. 7) toe die hele Israel vir Akan en sy familie met klippe doodgegooi het, sal weer in hierdie stryd in Suid-Afrika gebeur. Ter wille van suiwerheid van bloed, sal diegene wat vermeng (dit is nou die linkses en die verligtes) in die hande van die volk oorgegee word. Die opmerking word dan ook deur Hayes gemaak dat, soos Israel hulle volksgenote met klippe doodgegooi en verbrand het, die ANC dit vandag doen en dat God dit goedkeur.

Vanuit bogenoemde redenasies van die Wit Teologie is een ding baie duidelik: Alles draai om die uitverkiesing en uitverkiesing word as bloedverkiesing verstaan. Dit word dan as die evangelie beskryf: dat 'n mens hierdie uitverkore bloedlyn in jou are het!

Valse gerustheid of verslaentheid

Die konsekwensie van hierdie siening van die Wit Teologie oor die uitverkiesing skep 'n valse gerustheid aan die een kant en verslaentheid aan die ander kant. As iemand fisies nageslag van Israel en daarom uitverkore is, word net hy gered en dit is 'n toestand waaraan niks verander kan word nie. Dit gee valse versekerdheid (verbonds- of volksoutomatisme). Net so skep dit 'n verslaentheid en ongeloof by diegene wat (volgens die Wit Teologie) nie die uitverkore bloedlyn het nie, "maar tog in God glo en Hom wil dien. Op hierdie wyse beskik God nie oor die uitverkiesing nie. Dit word 'n menslike monster waardeur gelowiges vernietig word (Naudé).

Die uitverkiesing wat die Skrif leer, het allereers 'n genadekarakter wat die wonder van die uitverkiesing onderstreep. Uitverkiesing is genade en dit is genade om genade te ontvang. By die Wit Teologie vind ons 'n skeefgetrokke beskouing oor genade, want die "genade" word verdien deur die bloed in jou are. Uitverkiesing is onverdiende genade, anders sou dit geen genade kon wees nie. Daarom vind uitverkiesing nie plaas op grond van sekere spesiale kwaliteite van die mens nie - ook nie afstamming of suiwere bloedlyn nie! Uitverkiesing is en bly 'n vrye daad van God. Deur die uitverkiesing handel God in vryheid en in liefde. Hy sal Hom ontferm oor wie Hy Hom wil ontferm (Rom. 9:15). "'n Mens word nie uitverkies vanweë sy bloedlyn nie, maar vanweë die bloed van Christus!" (Naudé).

Verlossingsleer

Oor die verlossingsleer van die Wit Teologie is reeds in die voorafgaande een en ander gesê. Ter wille van duidelikheid kortliks net die volgende: Vir die Wit Teologie is die versoeningsleer van minder belang as die verbondsleer. Hulle leer die volgende: Yahweh het net een verbond, 'n ewige verbond met Abraham en sy fisiese nageslag, gesluit. Die Sinai-verbond was 'n herhaling van daardie ewige verbond. Toe Israel later van Yahweh afgedwaal het, het Hy hulle 'n "Skeibrief" gegee (vgl. Jes. 50:1; Jer.3:8). Vir die Wit Teologie lê Jesus Christus se betekenis daarin dat Hy met sy soendood die verbond met Abraham, of dan Israel, kom herstel het. Toe kon al die goddelike beloftes vir Israel in vervulling gaan. Christus se versoening geld dus net vir die fisiese nageslag van Israel, en vir niemand anders nie (Vgl. Straus, 1991:14). Jesus Christus (aan wie alle mag in die hemel en op aarde gegee is) het net vir Israel kom verlos.

Hierdie verlossingsleer van die Wit Teologie is onaantoonbaar en is nie gegrond op die Skrif nie, want die verlossing geld vir alle nasies (Hand. 10:43,35) en nie vir die "Israëlnasies" soos die Wit Teologie wil lees nie (vgl. bv Hayes). Dit is nie verkeerd van die Wit Teologie om aan die verband tussen Ou en Nuwe Testament vas te hou nie, maar hulle oorbeklemtoon die Ou Testament ten koste van die Nuwe Testament. Soos die Wit Teologie die

Skrif gebruik, verklaar die Ou Testament die Nuwe Testament en nie omgekeerd nie.

Die gedagte van die fisiese, uitverkore volk in die Ou Testament, bly ook by die Wit Teologie die enigste gedagte in die Nuwe Testament, asof Handeling 10 en Romeine 10 en 11 nooit geskryf is nie. Die lig van die Nuwe Testament word dus nie altyd deur die Wit Teologie bygebring nie. Daarom oorbeklemtoon hulle die eenheid van die ou en nuwe verbond ten koste van die onderskeid. Op die manier word die nuutheid van die nuwe verbond totaal ontken.

Christus het egter gekom - so leer die Nuwe Testament - nie net om die ou verbond te herstel nie, maar om dit te vervul (d.w.s. "sy volle betekenis te laat kry" - Mat. 5:17). God se oorspronklike, allesomvattende bedoeling met sy verbond met Abraham ("in jou sal al die volke van die aarde geseën word" - Gen. 12:3) kom deur Jesus Christus nou ten volle aan die lig. Toe die Here vir Abraham geroep het, "het hy die belofte ontvang dat uit sy nageslag die Verlosser gebore sou word wat 'n seën vir die hele wereld sou wees" (Malan). Buys sê ook in hierdie verband: "Dit was die Here se hele doel met die afsondering van die verbondsvolk in die Ou Testament: hulle moes slegs instrument wees om sy lig na al die nasies toe te bring. (Vgl. Gen. 12:3 en Jes. 49:6.)

Genade, nie bloed

Die verlossing in Jesus Christus word nie bereik deur bloedbande nie, maar is werklik wêreldwyd, sodat Paulus kan getuig dat almal wat aan Christus behoort (afgesien van ras, of gestand of geslag) "nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God is" (Gal. 3:29). Die Wit Teologie verwerp hierdie Bybelse getuigenis deur klem te lê op die suiwer bloedlyn. As verwoording van hulle standpunt word gesê: "Mense behoort aan Christus omdat hulle die nageslag van Abraham is" (Hayes). Hiermee word die woorde van Galasiërs 3:29 en die Bybelse boodskap omgedraai: "As julle aan Christus behoort, is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename".

Inenting

Dit is volgens die Skrif eerder so dat elkeen die nageslag van Abraham en daarom die volk van God (fisies - mans, vroue en kinders) is as die geloof in Jesus Christus gehandhaaf word. Israel het dit juis nie gedoen nie; hulle het nie geglo nie, maar die heidene het wel die evangelie gehoor en dit geglo. Daarom ontvang die gelowiges uit die heidendom die genade van God (Hand. 28:28; Mat. 21:31). "Hiermee het God nie ontrou aan sy beloftes geword soos die Wit Teologie beweer nie. God is juis getrou aan sy beloftes deur goedheid te betoon aan diegene wat Hom eer" (Naudé). Die heidene is deel van God se volk gemaak om Israel jaloers te maak. Israel moet positief hierop reageer deur in Christus te glo. Hiervan getuig Paulus in Romeine 11:11-24. So word die heidene wat tot geloof gekom

het, 'n instrument in die hand van God. Paulus verduidelik dit met die beeld van 'n mak en wilde olyfboom in Romeine 11. Israel is die mak olyfboom waarop die takke van die wilde olyfboom, die heidene, ingeënt is. Sommige van die takke van die mak olyfboom is afgebreek vanweë Israel se ongelooft. In hulle plek word takke van die wilde olyfboom op die stam van die mak olyfboom ingeënt en dit geskied deur die geloof van die heidene. Hierdie boom met sy mak olyfboomtakke en wilde olyfboomtakke is die Israel van God, die Israel van die belofte.

Volk van God

Die Skrif leer dan dat die Israel van God, die volk van God, uit mense bestaan, mense uit Israel en uit die heidene. Hierdie 'deel word' van die volk van God geskied langs die weg van die geloof in Jesus Christus alleen deur God se genade - dit geld vir die mak olyfboomtak en die wilde olyfboomtak, vir Israeliet en vir heiden. Met hierdie beeld word dit duidelik gestel: God het die grense van sy volk uitgebrei om ook die heidene te omvat! Daarom is ook Afrikaners, Jode, Swartmense, Indiërs, Chinese, Koriane, Russe, Engelse, Zoeloes, Xhosas, ensovoorts, wat in Jesus Christus glo, deel van Israel, die fisiese volk van God. Hierdie Israel is daar deur die geloofsbande met Jesus Christus en nie deur bloedbande nie! Dat God sy volk uitgebrei het om ook die heidene te omvat, word ook in ander gedeeltes van die Nuwe Testament bevestig soos Romeine 3:11-31 en 2 Korintiërs 5:19.

Die gelowige blanke Afrikaner is dus deel van Israel omdat God gewil het om hom in sy volk Israel te plant. As Romeine 11 gelees word, kan dit nie anders nie as om aan die Wit Teologie te sê: Wie is jy, o mens, om God se genade net vir jou en jou volk op te eis?

As dit God behaag het om Israeliet én heiden in Christus in te plant en so deel te maak van sy volk op aarde wat deel is van sy koninkryk, kan en mag die Wit Teologie nie mense wat hulle beskou as sogenaamde nie-Israeliete, daardie voorreg ontsê om deel te wees van God se volk in Christus nie.

★ ★ ★ ★ ★

Gedagtes oor die nie-Christelike aard van menseregte (Deel 2)

Prof. J.M. Potgieter, Unisa.

Waarheid en Dwaling plaas sy intrede wat verskyn het in: Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg, (verkort) Augustus 1989.

Die rol van die kerk in die menseregte-beweging

Tot ongeveer die middel van die huidige eeu het kerke wêreldwyd in die algemeen afwysend teenoor menseregte gestaan. Toe het die kerk egter skielik ontdek dat menseregte die oplossing vir die wêreld se probleme bied. Die lyding wat die Tweede Wêreldoorlog vir miljoene mense meegebring het, het naamlik tot gevolg gehad dat menseregte aangegryp is as geneesmiddel vir wêreldprobleme soos politieke onderdrukking, rassediskriminasie, armoede en hongersnood. Sedertdien speel kerke 'n prominente rol om menseregte aanvaarbaar te maak. Die kerk het byvoorbeeld beduidende invloed gehad by die formulering van die VVO se beleid oor menseregte en by die totstandkoming van die Universele Verklaring van Menseregte in 1948. Vandag word menseregte onomwonde deur die meeste kerke en die belangrikste internasionale kerkliggame aanvaar.

Ook in Suid-Afrika het die kerk menseregte aanvanklik, veral op teologiese gronde, sterk teengestaan. Maar vandag lyk die prentjie radikaal anders. Volgens Jonker beskou sommige kerke dit nou as hulle belangrikste taak om hule vir die verwesenliking van menseregte te beywer. Soos reeds vermeld, het die regskommissie bevind dat al die groot kerke in Suid-Afrika menseregtebeskerming steun en dat die kerk tans miskien die sterkste kampvegter vir menseregte is. So beskryf die NG Kerk in "Kerk en samelewing" sekere menseregte as noodsaaklik en verklaar dat dit die mense se regte is wat hom in staat stel om sy bestemming as mens te realiseer, dat menseregte onmisbaar is vir die verwesenliking van die mens se bestemming op aarde.

Vereenselwig

Hoofsaaklik vanweë die ywer van sekere kerke en kerkleiers, word die menseregte-ideologie tans bykans geheel en al met die Christelike evangelie vereenselwig. So bevind die regskommissie dat al die groot kerke in Suid-Afrika menseregtebeskerming "juis vanuit die Christelike en Bybelse standpunt steun". Vandag word menseregte dan ook deur baie as Bybels en Christelik aanvaar en as die teenswoordige manifestasie van die gebod van God en van die evangelie van Christus beskryf. Dié verwerkliking van menseregte word voorgelê as die vervulling

van die Christen en die kerk se hoogheilige roeping, as die verwesenliking van die koninkryk van God op aarde, as uitdrukking van die heiliging van die mens, as voldoening aan die eise wat die Bybel stel.

Grootse verwagtinge word aan menseregte gekoppel: onder meer omdat geglo word dat die verlening van menseregte aan die gebod van God voldoen, word ook geglo dat die erkenning van menseregte vir die probleme van Suid-Afrika die geneesmiddel sal wees. 'n Geloof het posgevat dat die erkenning van menseregte sal sorg vir vrede, versoening en geregtigheid, dat menseregte die einde sal beteken van armoede en hongersnood, konflik en stryd.

Die kerk en die oorsprong van menseregte

Histories word die oorspronklike leer van menseregte aan die sewentiende-eeuse Engelse humanis John Locke toegeskryf. Hy het naamlik vir hom 'n voorstelling gemaak van die ideale wêreld: 'n oorspronklike natuurtoestand waarin mense sonder staatsverband in vrede saam leef. Uit hierdie droomwêreld het hy sekere natuurlike menseregte soos die reg op lewe, vryheid en eiendom afgelei wat die ideale toestand sou waarborg. Begin mens nou by die heersende onvolmaakte orde, kan mens in die rigting van die ideale toestand beweeg deur die mens se regte toenemend te erken en te beskerm.

Verleentheid vir die kerk

Die ontstaansbron van menseregte veroorsaak verleentheid vir die kerk. Aan die een kant erken die kerk die historiese feit dat menseregte nie uit die Bybel kom of in die kerk ontstaan het nie, maar uit die mensdom stam. In "Kerk en samelewing" maak die NG Kerk byvoorbeeld die volgende erkenning: "Die begrip "menseregte" kom nêrens in die Bybel voor nie. Dit is 'n relatief moderne begrip wat hoofsaaklik uit sekulêre en veral humanistiese bronne voorkom." Maar in dieselfde asem verklaar die kerk dat die Bybel vir hom die enigste geldige bron - dus ook vir menseregte - is.

Nie twee moeders

Hier vind mens 'n onoorkomelike teenstrydigheid. Menseregte kan nie twee moeders hê nie; dit is gebore of uit die menselike filosofie of uit die Bybel. 'n Leerstuk van suiwer menslike oorsprong verander nie in 'n Bybelse leer net omdat mens dit agterna, in die woorde van die "Kerk en samelewing", Bybels "vul" nie. Net so min as wat 'n suiwer politieke beleid soos apartheid Christelik geword het toe kerkleiers dit met Bybelse terminologie beklee het, net so min word die van huis uit humanistiese menseregteleer Christelik as mens dit agterna met Bybelse begrippe vul. Op so 'n wyse kan mens immers bykans enige ideologie uit dele van die Bybel "regverdig".

Nie deur Christus erken

Die waarheid is dat die leerstuk wat kerke vandag beskryf as die korrekte metode om die Christelike evangelie te verwesenlik, glad nie deur Christus of enige van sy diensknegte in die Bybel verkondig is nie maar baie eeue later uit nie-Christelike geledere gebore is. As menseregte inderdaad "onontbeerlik" was vir die verwesnliking van die evangelie op aarde, is dit onverklaarbaar waarom die Bybel geen melding van die ideologie maak nie.

"Christelike" grondslae

In weerwil van die kerk se duidelike erkenning dat menseregte vreemd is aan die Bybel en uit die heidendom stam, word tog gepoog om die leer van menseregte op verskillende beweerde Bybelse gronde te verdedig. Veral een siening word feitlik algemeen aanvaar as die belangrikste, sogenaamd "diepste", beweerde Christelike grondslag van menseregte: die siening dat elke mens beeldraer van God is.

★ ★ ★ ★ ★

VIR VAS EN BINDIND HOU...

Kerkrade en die toepassing van sinodebesluite

Ds. G.J. Meijer

Uit gesprekke blyk dit dat in talle gemeentes 'n bykans afsydige houding oor sinodebesluite bestaan. Dit is maar vergaderings wat besluit, maar min daarvan word as van toepassing op die gemeente gesien. Tog het die houding van gemeentes negatiewe gevolge vir die beleving van die kerkverband. Baie keer kom daar wrywing in gemeentes omdat die gemeente sekere sinodebesluite as dekrete "van bo" sien. In artikel 31 van die kerkorde staan dat besluite van meerdere vergaderings as vas en bindind gehou moet word. Wat hier volg, wil 'n werkbare metode vir kerkrade voorstel hoe sinodebesluite bekragtig kan word. Dit is dat die kerkrade meerdere vergaderings se besluite as geldig en bindend kan verklaar of as ongeldig kan afwys en verder handel. Die voorgestelde metode het drie fases:

Fase 1:

Besluite word bestudeer en getoets

Voorstudie-kommissie

Wanneer die acta van meerdere vergaderings verskyn (spesifiek die Nasionale Sinode), word dit deur 'n kommissie bestaande uit twee of drie

kerkraadslede deurgegaan en in sinvolle onderdele verdeel. Sake waarvan die kerkraad slegs kennis kan neem, word onderskei van sake wat so gou moontlik deur die kerkraad uitgevoer moet word. Besluite oor spesifieke onderwerpe, soos korrespondensie met buitelandse kerke of liturgiese aangeleenthede, word saamgegrepe. Die indeling kan taamlik maklik aan die hand van die inhoudsopgawe van die acta gedoen word. Indien 'n kerkraadslid die betrokke meerdere vergadering as afgevaardigde bygewoon het, sal dit profytlik wees om hom by hierdie werk te betrek.

Studiekommissies

Aan die hand van die indeling van die "voorstudie-kommissie" word die hele kerkraad in kommissies verdeel om die verskillende onderdele te bestudeer. Elke kommissie is verantwoordelik vir die bestudering van 'n spesifieke onderdeel wat aan hom toegewys is. As daar genoeg eksemplare van die acta beskikbaar is, kan kommissies tegelykertyd werk. Dit sal die proses van bekragtiging aansienlik bespoedig. Dit staan 'n kommissie vry om gemeentelêde by die studie te betrek. Sodoende word die gemeente se nodige belangstelling vir die werk van die meerdere vergadering geprikkel.

Taak van studiekommissie

Die taak van die studiekommissie is om die punt(e) uit die acta, wat met die oog op bestudering aan hom toegeken is, in geheel te lees en kernagtig op skrif saam te vat. Die besluit wat die meerdere vergadering met betrekking tot die saak geneem het, word woordeliks gegee. Die aanloop tot die besluit asook die besluit self, word aan die hand van die Skrif, belydenis en kerkorde getoets om vas te stel of dit ten volle daarmee ooreenstem. Die kommissie stel dan sy bevindinge op skrif en die studieresultate dien by wyse van 'n skriftelike rapport op die kerkraad.

Kerkraad op hoogte

Die rapporte en aanbevelings van die verskillende kommissies word deur die kerkraad behandel. Die kerkraad neem indringend kennis van die sake waaroor die meerdere vergadering besin het, soos wat dit kernagtig deur die kommissie weergegee is. Genoegsame ruimte word vir kerkraadslede geskep om aan die kommissie vrae te stel in geval iets uit die acta onduidelik is. Sodoende kom die hele kerkraad op hoogte van hoe die meerdere vergadering oor 'n spesifieke saak besin het en wat hulle daarvoor besluit het. Die kommissie se bevinding, nadat hulle die betrokke besluit van die meerdere vergadering getoets het, dien vervolgens as voorstel op die kerkraad. Met die bespreking van die voorstel toets die hele kerkraad die besluit van die meerdere vergadering.

Fase 2: Besluite word geldig verklaar en aanvaar

Na gelang van die toets, spreek die kerkraad een van twee uit: of hy verklaar die besluit van die meerdere vergadering geldig (met ander woorde dat dit ooreenkom met Skrif, belydenis en kerkorde), of hy verklaar dit ongeldig (naamlik dat dit nie met Skrif, belydenis en kerkorde ooreenkom nie). Hierdie geldig- of ongeldigverklaring word genotuleer. Indien bevind word dat 'n besluit ongeldig is, moet die bewyse daarvoor noukeurig in die 'notule opgeteken word.

Indien die kerkraad die besluit geldig verklaar het, is die volgende stap om dit as 'n eie besluit te aanvaar (ratifiseer). Dit is moontlik om ratifisering saam met die geldigverklaring op skrif te stel, deur byvoorbeeld te notuleer: "Die kerkraad verklaar die besluit van die sinode insake (.acta, punt...) geldig en aanvaar dit as sy eie besluit." Die bedoeling van die "aanvaarding" moet duidelik gestel word, naamlik dat die kerkraad die besluit van die meerdere vergadering nou welbewus as sy eie verklaar.

Kerkverband

Indien die kerkraad 'n besluit ongeldig verklaar het, is die volgende stap om die bewyse daarvan aan die kerkverband bekend te maak. Die bewyse vir die ongeldig verklaring, wat reeds genotuleer is, moet in 'n beswaarskrif of - indien nodig - 'n appèlskrif geformuleer word. Die beswaar of appèl moet, uit gehoorsaamheid aan Christus en liefde vir die kerkverband, so gou moontlik aan die deputate vir korrespondensie met die oog op behandeling tydens die volgende meerdere vergadering, gestuur word. Tot tyd en wyl die volgende meerdere vergadering gesit en uitspraak oor die beswaar of appèl gegee het, is die skrywer(s) daarvan (in die geval die kerkraad), nie aan die ongeldige besluit in geding gebind nie. In die interim-situasie wat as gevolg hiervan ontstaan, is die kerkraad verplig om die bewyse vir ongeldigverklaring so spoedig moontlik aan die betrokke meerdere vergadering voor te lê. Omdat dit hier oor gehoorsaamheid aan die Here en liefde vir die medegelowiges gaan, behoort so-iets met voortdurende gebed gepaard te gaan ten einde enige vorm van eiewilligheid in independentisme te voorkom.

Fase 3: Besluite word uitgevoer

Die besluit van die meerdere vergadering, wat intussen die besluit van die kerkraad geword het, moet nou uitgevoer word. Sommige besluite kan nie in die plaaslike kerk toegepas word nie, byvoorbeeld die meerdere vergadering se uitspraak oor 'n appèlsaak in 'n ander gemeente, of opdragte wat die sinode kragtens artikel 49 kerkorde aan die deputate gegee het. In so 'n geval handel die kerkraad nie verder met die geldigverklaarde en aanvaarde besluit nie.

Sommige besluite kan nie direk uitgevoer word nie, maar moet in gedagte gehou word, byvoorbeeld besluite oor korrespondensie met buitelandse kerke. Dit sou goed wees as die kerkraad vir homself 'n register aanlê waarin sulke besluite opgeteken word, en waarna maklik verwys kan word as dit nodig blyk te wees. Sommige besluite moet deur die funksionaris in die gemeente uitgevoer word, byvoorbeeld die betaling van ramings en verpligte kollektes. Hieraan moet direk aandag gegee word.

Nie net maar 'n sinodebesluit

Deur sommige besluite word die hele gemeente geraak, byvoorbeeld kiesreg vir vroue. In so 'n geval moet die kerkraad, nadat hy die besluit van die sinode getoets, geldig verklaar en sy eie gemaak (geratifiseer) het, die gemeente so gou moontlik oor sy besluit inlig. Die aangewese weg sou wees dat die kerkraad 'n gemeentevergadering belê en die saak diepgaande met die gemeente bespreek. Sodoende kan die hele gemeente ook onder die indruk van die korrektheid van die besluit kom en van harte deelneem aan die uitvoering daarvan. Die gemeente leer tegelyk insien dat die besluit nie maar net "'n sinodebesluit" is wat teen wil en dank uitgevoer moet word nie, maar dat die betrokke besluit hulle eie kerkraad s'n is, wat in die Naam van die Here oor hulle moet regeer.

Indien 'n lidmaat op grond van Gods Woord of die geldende kerkorde aantoon dat 'n besluit ten onregte deur die kerkraad geldig verklaar is, moet hy/sy die bewyse daarvoor aan die kerkraad voorlê sodat die kerkraad sy besluit kan heroorweeg.

Twee gevare

Indien bogenoemde stappe gevolg word, word daar reg gedoen aan die "vir vas en bindend hou" van besluite van meerdere vergaderings. Bowendien word twee gevare bestry, wat die kerklike samelewing bedreig. Die gevaar van independentisme (waar plaaslike kerke ongehinderd voortgaan om hulle eie ding te doen, ongeag wat die kerkverband in die lig van Gods Woord besluit het), en die gevaar van hiërargie (waar 'n sinodebesluit klakkeloos uitgevoer word asof dit die hoogste gesag in die kerk van Christus het).

Die belangrikste van alles is egter dit: deur besluite van meerdere vergaderings aktief en welbewus vir vas en bindend te hou (te ratifiseer), word die koningskap van Christus eerbiedig. Sy Woord het die finale sê.

★ ★ ★ ★ ★

DOBBEL MET SKRIFGESAG

Nuwe standpunt van die Hervormde Kerk.

Ds. P.J. Venter.

Is alles nou maar eintlik 'n leuen-waarheid?

Kerke wat in terme van die belydenis veronderstel is om gereformeerde te wees, het duidelik die standpunt oor dobbelary en lotery laat hoor. Die standpunt kom daarop neer dat dobbel nie sonde kan wees nie as mens nie sonde daarvan maak nie. Die Hervormde Kerk se jongste besluit (van die 64ste Algemene Kerkvergadering) is: "Die intensie of motief waarmee aan 'n kansspel deelgeneem word, is deurslaggewend... Dobbelary kan 'n spel wees waaraan deelgeneem word ter wille van die spel self, en lotery kan 'n spel wees ter wille van die bydrae wat gemaak word vir 'n bepaalde doel, solank die deelnemer hom nie skuldig maak aan hebsug, selfsug, gierigheid, luiheid, bedrog of diefstal nie ..." Hierdeur word te kenne gegee dat dobbel en lotery 'n saak was wat al die tyd reg was voor God: ons as mense moes dit net reggemaak het. Waar gaan standpunte soos hierdie ons bring as ons nog kinders van die Here wil wees? So asof sonde mos nou maar net 'n verkeerde gesindheid of 'n verkeerde beleving van 'n saak is, wat eintlik al die tyd reg was. Asof dit maar net die mens is wat dit reg of verkeerd gehanteer het.

Verbond skuifbaar

Hierdie soort argumente en Skrifbeskouing is besig om die bodem van die Bybel uit te haal - en dan kan ons maar die Bybel toemaak. Skrifgesag en God se soewereine Skrifopenbaring, daardie vrymagtige selfoptrede en selfbekendmaking van God, naamlik dat Hy die een "IS-wat-Hy-IS" (Eks. 3), soos in terme van die Here se verbond, staan dan mos nie meer vas nie. Die "IS-wat-Hy-IS" is juis die manier waarop God Hom in terme van sy verbond bekend maak, en die verbond is tog seker 'n waarheid. As God se verbond volgens die mens se eie maatstawwe "skuifbaar" begin raak, soos wat die *relasionele waarheidsbeskouing* in werklikheid poog, dan bly daar in die Bybel vir ons baie min oor.

Om die mens te pas

Dis waar die huidige standpunt vandaan kom dat ons as mense oor soveel sake (sonde) nie meer 'n absolute "reg" of "verkeerd" uitspraak mag maak nie. Die rede hiervoor is dat die mens self die "IS" van God in terme van verbond en koninkryk wil rondskuif om die mens te pas. Die eietydse konteks moet eers in relasie met die Skrif geplaas word, voordat God met ons as mense sal kan praat. Die relasionele waarheidsbeskouing is in werklikheid die

groot voorwaarde waarin mense elke keer die Here wil plaas voordat Hy met ons sal kan praat.

Kontekstuele teologie

Dit kom daarop neer dat die Skrif mense se ervarings en belevinge van (en oor) God is, en 'n saak moet eers beleef word voordat God op sy Woord geneem kan word. As ons beleving en ervaring reg is, dan is dit vir God ook reg. Die werklikheid word elke keer vanuit my situasie en my beleving vertolk, en selfs God, Hy wat die Here is, moet eers in relasie met my konteks, my situasie, my werklikheid gestel word, voordat God kan praat en ek sal luister. Die standpunt dat die waarheid eers vir my werklikheid moet wees voordat dit waarheid is, raak geheel en al onhoudbaar. Op sigself het die Bybel dan vir ons niks meer te sê nie. Die Bybel moet ook eers deur die proses van 'n relasionele waarheidsbeskouing gemaak word voordat ek daarna kan luister. Daarom is dit nie verbasend dat daar in die teologie ook met die gedagte van 'n kontekstuele teologie na vore gekom is nie, omdat 'n relasionele waarheidsbeskouing noodwendig 'n kontekstuele teologie benodig.

Leuen-waarheid

So sal in die kontekstuele teologie altyd alles prysgegee word, solank waarheid en werklikheid tog net ten alle koste altyd dieselfde moet wees. Mense sal in 'n politieke werklikheid altyd poog om soveel as moontlik waarheid daarin te lees, en die kerke se waarheid (belydenis) sal selfs aangepas moet kan word om by die politieke werklikheid te pas. (Is dit nou maar 'n blote "toevalligheid" dat politieke sake kerkagendas vol skryf?) Met die relasionele waarheidsbeskouing kan leuens en bedrog nie meer wees wat dit was nie. Met dié beskouing lê leuens en bedrog gerieflikheidshalwe versluier agter die blote feit van die relasie en is dit 'n kwessie van tyd of die leuen word in terme van die relasie ook 'n waarheid gemaak. So maklik kan mens die leuen dieselfde as die waarheid wil maak deur die werklikheid altyd in 'n eietydse konteks te wil plaas - en die eietydse konteks of my beleving daarvan het die finale sê. So kom ons by die punt om te moet sê: daar is nie meer so iets soos 'n ware leuen nie, maar alle waarheid is eintlik maar 'n leuen-waarheid.

Slegs 'n hulpmiddel

Die relasie (verhouding) sal bepaal of my waardering van 'n saak positief of negatief sal wees. Die Bybel is nou slegs 'n "hulpmiddel" as dit by die bepaling van my waardering oor reg of verkeerd kom, en God se Woord kom dus eintlik eers later ter sprake en moet by voorbaat geen rol speel in die vooraf-bepaling van die relasie nie.

Grys gebied

Die verskil tussen reg of verkeerd word dan 'n grys gebied. Verskuiwing in die standpunte oor dobbelary en lotery is 'n klassieke voorbeeld. Hoe grys lê die skeidslyn tussen wanneer dobbelary en lotery reg of verkeerd is as ons na die 64ste Algemene Kerkvergadering se besluit kon beoordeel nie. Wanneer sal sonde sonde genoem kan word, want die een keer kan ek dobbel sonder dat dit sou wees (dalk op 'n basaar), maar die ander keer voel ek, dieselfde mens, dalk net 'n bietjie anders, dat my beleving en behoefte anders lyk, ek is dalk op 'n ander plek (in 'n dubbelsaal) terwyl die dubbelsaak niks verander het nie, maar nou is die saak skielik sondig! So 'n grys besluit kan nie stand hou nie, want die besluit werk met die gedagte dat daar nie meer absolutes is nie, die absolute teenstelling tussen reg en verkeerd, tussen waar en vals, tussen lig en duisternis word opgehef. 'n Kop kan nou maar eenmaal nie 'n stert wees nie, en as die stert 'n kop wil maak dan is dit 'n vervloeking. (Daardie teenstelling stel die Here vir ons in Deut. 28. Let veral op die verskil in verskuiwing van vers 13 tot 44 — dan is die verskuiwing 'n vervloeking van die Here).

Net verkeerde beleving

Met hierdie verskuiwing in die eenvoudige voorbeeld van dobbelary en lotery kom die suiwere dogma, die leer van die ware kerk, in geding. Sonde is nou nie meer oortreding van die wil (wet) van God nie (vgl. die Kategismus vraag 3), maar sonde is slegs my verkeerde beleving van wat ek in my persoon en 'n bepaalde situasie van 'n saak maak. So kom ons dan ook by die tydsgees dat persoonlike verlossing, in terme van 'n mooi, voorbeeldige lewe, oorbeklemtoon word, terwyl die handhawing van 'n suiwere leer skynbaar niks met verlossing te doen het nie, en dit nou maar links kan gaan lê. So kry elke saak onder die son (sondig of nie) tegelyk 'n positiewe en negatiewe waardering, soos wat byvoorbeeld elektrisiteit werk. Die tipe persoon en die situasie, en nie God nie, sal in die relasie bepaal of dit in 'n bepaalde situasie positief of negatief beoordeel moet word. Die Woord kan dan nie meer direk uitspraak lewer nie.

Geen kompromie

Die Here se kerke sal met hulle wyse van Skrifhantering en Skrifbeskouing moet uitmaak waar hulle Skrifgesag plaas. Die sewe gemeentes aan wie Christus in die Openbaringsboek skrywe, het elk ook verskillende situasies en omstandighede en tye gehad — maar vir elke gemeente geld dieselfde Woord sonder dat dit nodig is vir die Woord om eers aan te pas. Die Woord waarsku teen kompromieë. Efese word aangeprys oor hulle geen kompromie aangaan nie. Pergamus en Thiatire word oor hulle kompromieë gewaarsku. Smirna wys vir ons die verskil tussen ryk armes en arm rykes.

In Smirna kry ons die armes, maar hulle is ryk. In Laodicea kry ons rykes, maar hulle is eintlik arm. Die kerk se standpunt sal maak dat mense al hoe meer sal wil dobbel. Baie geld, groot inkomste, mooi programme en planne kan dalk aan die werk kom, maar dan word die arm-rykes meer en vir die ryk-armes word dit al hoe moeiliker vanweë 'n kerk se standpunt!

Rentmeesters

Die Here se wet dra tog nog steeds in die laat tyd van die twintigste eeu sy omvattende karakter, en by die agste gebod staan daar kort en kragtig "jy mag nie steel nie". God is die enigste Eienaar. Ons is slegs besitters. In die verhouding van Eienaar na besitter wil die Here hê ons moet vir Hom rentmeesters wees. Waar lê die erkenning van rentmeesterskap in die kerk se dobbel- en lotery-besluite? Mag ek vir u sê dat u rentmeesters moet wees? Alles wat ek is en het kom van God af. Elke sent wat deur my hande gaan, is God se sente.

Speel met God?

Wat ek met die Here se geld (elke sent) maak, bepaal elke keer of ek rentmeester vir God wil wees of nie. Wil ek die geld laat werk of wil ek die geld laat speel? Nooit sou ons kon dink dat God maar net 'n speletjie sou bedoel het toe Hy gesê het dat ons vir Hom rentmeesters moet wees nie. Kan ek ooit die dobbelspel met die spel speel, of is ons eintlik maar besig om met dobbelary en ons soort lotery 'n spel met God te wil speel?

Geluksgodin

Die etiek van kans is reeds uitgewerk. Watter een word gedien as "kans" my spel word en kans eintlik my god is wat voorsien? Die Bybel praat van die geluksgod, Jes. 65:11, 12a: "Maar julle wat die Here verlaat, wat my heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod (Gad) en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot (Mami). Ek sal julle bestem vir die swaard..." (vgl. ook die H.K. sondag 42). Laat ons dus sonde nog sonde noem. Al sal soveel grense vervaag en al wil mense sonde laat vervaag, die verskil tussen arm rykes en ryk armes kan danksy God se genade tog nooit vervaag nie.

★ ★ ★ ★ ★

Grondslae

van

Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej.

Adres:

.....

.....

Poskode:

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:

Datum:

Handtekening:

Stuur u inskrywingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie

P/a A.L.A. Buys

Waarheid en Dwaling

Posbus 525

Piet Retief

2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u